# Toetrede

## Liturgie van die Lig

### Lei ons op ons lewensweg

Genadige God
U is met ons op ons reis
deur die lewe
wat U ons gegee het.

Lei ons op ons lewensweg
van waar ons is tot waar U ons wil bring …
sodat ons `n samelewing word
waar elkeen welkom voel
waar elkeen waardeer
en bemoedig
en vergewe
word.

Lei ons op ons lewensweg
van waar ons is tot waar U ons wil bring …
Open ons oë vir ander mense,
ander kulture, ander kontreie, ander kontinente,
die kleur in ons soms kleurlose bestaan.

Lei ons op ons lewensweg
van waar ons is tot waar U ons wil bring …
Maak ons lankmoedig
en vriendelik
en saggeaard.

Gee ons deernis en erbarming
en `n lewenslange verbintenis tot liefde …

Amen

*Ruth Harvey*
*Afrikaanse verwerking: Marie de Kock*

# Woorddiens

## Lesing 1: Jeremia 31:27-40 (1953)

[27] Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek die
huis van Israel en die huis van Juda sal besaai met
saad van mense en van diere.
[28] En soos Ek oor hulle wakker was om uit te ruk en
om te gooi en te verwoes en te vernietig en skade
aan te doen, so sal Ek oor hulle wakker wees om te
bou en te plant, spreek die HERE.
[29] In dié dae sal hulle nie meer sê nie: Die vaders het
groen druiwe geëet, en die tande van die kinders
het stomp geword.
[30] Maar elkeen sal weens sy eie ongeregtigheid
sterwe; elke mens wat die groen druiwe eet, sy
tande sal stomp word.
[31] Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat Ek met
die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe
verbond sal sluit;
[32] nie soos die verbond wat Ek met hulle vaders
gesluit het op dié dag toe Ek hulle hand gegryp het
om hulle uit Egipteland uit te lei nie — my verbond
wat húlle verbreek het, alhoewel Ék gebieder oor
hulle was, spreek die HERE.
[33] Maar dit is die verbond wat Ek ná dié dae met die
huis van Israel sal sluit, spreek die HERE: Ek gee my
wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart; en
Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n
volk wees.
[34] En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen
sy broer leer nie en sê: Ken die HERE; want hulle sal
My almal ken, klein en groot onder hulle, spreek die
HERE; want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en
aan hulle sonde nie meer dink nie.
[35] So sê die HERE wat die son gee tot 'n lig oordag,
die ordeninge van die maan en van die sterre tot 'n
lig in die nag; wat die see in beroering bring, sodat
sy golwe bruis, HERE van die leërskare is sy Naam:
[36] As hierdie verordeninge voor my aangesig sal
wyk, spreek die HERE, dan sal die nageslag van
Israel ook ophou om 'n volk te wees voor my
aangesig vir altyd.
[37] So sê die HERE: As die hemele daarbo gemeet en
die fondamente van die aarde daaronder
nagespeur kan word, dan sal Ek ook die hele
nageslag van Israel verwerp weens alles wat hulle
gedoen het, spreek die HERE.
[38] Kyk, daar kom dae, spreek die HERE, dat die stad
vir die HERE herbou sal word, van die toring
Hanáneël af tot by die Hoekpoort.
[39] En die meetsnoer sal verder reguit aanloop tot by
die heuwel Gareb en swaai na Goa toe.
[40] En die hele dal van die lyke en van die as, en al
die velde tot by die spruit Kidron, tot by die hoek van
die Perdepoort teen die ooste, sal aan die HERE
heilig wees; dit sal nie weer uitgeruk of verwoes
word in ewigheid nie.

## Broodjies vir die Pad

### A New Covenant

The OT reading concludes the series of covenant passages that has been a feature of the Lenten series:

- Lent 1: Noahic covenant between God and "all flesh upon the earth"
- Lent 2: Abrahamic covenant
- Lent 3: Mosaic covenant from Mt Sinai
- Lent 4: Covenant failure: punishment and restoration (Numbers 21:4-9)
- Lent 5: The "new covenant"

The idea of a "new covenant" was to be especially significant in early Christianity, and eventually provided the name for the Christian set of writings within the Bible. Our focus, however, is better directed at the significance of this development in the Jeremiah tradition.

The "historical Jeremiah" appears to have lived through the implementation (and eventual failure) of the so-called deuteronomistic reforms that were

introduced in the Kingdom of Judah during the reign of Josiah. For details, see 2 Kings 22-23. These reforms were inspired by the kind of traditions now found in Deuteronomy, with some scholars suggesting that the "book of the Law" found in the Temple during renovations to remove pagan symbols (such as the bronze serpent that featured in last week's readings) was more or less what we now have in Deut 12-26.

In supporting the reform agenda of Josiah (see Jer 11:1-17), Jeremiah seems to have fallen foul of the rural priests such as those from his home town of Anathoth (see 11:21-23). With the suppression of sacrifices outside the Temple, the rural clergy were deprived of both income and status. In the end the reforms failed and the southern kingdom was defeated by the Babylonians.

What is especially significant about this passage in Jeremiah 31 is the way it assumes and transposes the older covenant traditions.

Jeremiah had seen for himself that religious renewal was not a matter subject to official mandate, but rather something that had to come from within. He dreams of a time when the divine Torah will be inscribed on the hearts of people, rather than remaining an external influence. As part of that dream for a new kind of relationship with God and with one another, Jeremiah imagines a time when there is no need of priest or teacher, since everyone will know God directly.

It is a measure of Jeremiah's spiritual stature and maturity that he could even contemplate such a situation. Not many religious leaders since then have been able to embrace that vision of an autonomous laity. The idea of a "brokerless kingdom" is central to Jesus' vision of the divine commonwealth, but it put him into direct conflict with the religious authorities of his time. That was also the experience of Jeremiah, whose story seems to end with him being abducted by a group of refugees fleeing Jerusalem for safety in Egypt (see Jer 43:5-7).

http://wiki.faithfutures.org/index.php?title=Lent_5B

Gabriel Josipovici offers an intriguing insight on modern/postmodern approaches to scriptures and then poses a useful questions for Christians to consider. In *The Book of God" A Response to the Bible*, the British novelist, critic and playwright, reviews the "modernist crisis" that shrank the Bible to texts to be analyzed and the reaction of others (including Auerbach, Frye, Kermode and Alter) who take the "ragbag" of narratives which tradtion has collected together as biblical on their own terms. One approach reduces the biblical texts to conceptual systems, theological homogenization or endless archaeological speculations and wants to close-off interpretation. Another approach accepts the contradictions, wildly varying perspectives, incompleteness and even confusion as the cause for enduring, life-giving interpretation.

http://sacraconversazione.blogspot.com/2009/03/fifth-sunday-in-lent-year-b.html

## Brood vir die Pad

### C. S. Lewis: Ware vriende kom van God

**Vir `n Christen is vriendskap nie iets wat jou toevallig oorkom nie, skryf C.S. Lewis in sy boek *Die Vier Liefdes*. Christus kan regtig vir elke groep vriende sê: "Ek het julle vir mekaar uitgesoek."**

Die gedagtes wat Lewis in sy essay oor vriendskap verwoord, gaan terug na `n eeue-oue tradisie wat met Augustinus begin het. In `n wêreld waarin die klassieke filosowe alles oor die waarde en rol van vriendskap te sê gehad het, voeg Augustinus `n fundamenteel nuwe en Christelike element by. Net God maak mense vriende van mekaar. Mense kies nie hulle vriende nie; dit is `n geskenk van God en verteenwoordig die daadwerklike genade van God op aarde.

Dié gedagtes neem Lewis oor in sy essay "Vriendskap" in die bundel *The Four Loves*. Hier volg `n paar aanhalings uit die essay.

#### Vriend of kameraad

Kameraadskap is `n voedingsbron vir vriendskap. Dit word dikwels vriendskap genoem en baie mense wat van hul vriende praat, bedoel eintlik hul kamerade. Vriendskap in die sin wat ek daaraan gee, is dit nie.

Daarmee wil ek nie afbreuk doen aan die waarde van `n kameraadskaplike verhouding nie. Ons sê tog nie iets slegs van silwer as ons dit van goud onderskei nie.

Kameraadskap kan tot vriendskap groei wanneer twee of meer mense ontdek dat hulle `n bepaalde insig of belangstelling of selfs maar smaak in gemeen het wat ander nie het nie en wat hulle tot daardie oomblik gedink het hulle net met hulleself saamdra.

#### Dieselfde waarheid sien

In ons tyd is die gemeenskaplike aktiwiteit en dus kameraadskap nie dikwels so fisies soos gaan jag of gaan veg nie. Dit kan `n gemeenskaplike godsdiens, `n studie, `n beroep of selfs `n vryetydsbesteding wees. Almal met wie ons iets deel, is ons kamerade, maar een of twee of drie van hulle wat ook nog iets anders met ons deel, word ons vriende.

By hierdie soort liefde, kry "Hou jy van my?" die betekenis van "Sien jy dieselfde waarheid?" soos Emerson dit stel. Of ten minste: "Heg jy dieselfde waarde aan daardie waarheid?" Die mense wat soos ons voel oor die belangrikheid van `n bepaalde saak waaraan ander skaars dink, kan ons vriende word. En dit is nie eens nodig dat ons met mekaar saamstem oor die antwoord nie.

#### Vriende maak

Dit is onwaarskynlik dat bejammerenswaardige mense wat net "vriende wil maak", hulle ooit sal maak. Dat jy vriende het, beteken ook dat jy behalwe die vriende, iets anders wil hê. As `n eerlike antwoord op die vraag: "Sien jy dieselfde waarheid?", "Ek sien niks nie en dit kan my ook nie skeel nie, want ek wil net vriende maak", is, dan is vriendskap onmoontlik. Waarheen moet die

vriendskap dan lei? `n Vriendskap moet oor iets gaan, al is dit dan nou maar `n gemeenskaplike passie vir kaart speel of wit muise teel. Iemand wat niks het nie, kan nie deel nie en hy wat nie reis nie, kan nie reisgenote hê nie.

### Vriendskap en liefde

As twee mense wat so ontdek het dat hulle hul op dieselfde pad bevind, van die teenoorgestelde geslag is, kan die vriendskap wat so ontstaan, maklik oorgaan in erotiese liefde. Sterker gestel, tensy hulle mekaar fisies lelik vind of een van hulle reeds iemand anders lief het, sal dit vroeër of later gebeur. En omgekeerd, erotiese liefde kan lei tot vriendskap tussen die geliefdes. Dit wis egter nie die onderskeid tussen die twee soorte liefde uit nie; in teendeel, dit word net duideliker.

Stel jou voor dat jy so gelukkig was dat jy verlief geraak het op `n vriend en met hom getroud is. Stel jou verder voor jy word voor die keuse geplaas: “Of julle hou van nou af op om minnaars te wees, maar julle bly vir altyd saam om dieselfde God te soek en dieselfde skoonheid te geniet of jy verloor alles, maar behou die verrukking en wonder van die erotiese liefde?”

Wat sou ons kies? En oor watter keuse sou ons die meeste berou hê?

### Voorsienigheid

Ons dink dat ons ons geesverwante self gekies het. In werklikheid sou alles en nog wat ons vriendskap kon verhinder het: `n paar jaar verskil tussen ons geboortedatums, `n paar kilometer tussen bepaalde huise, die keuse van een universiteit bo `n ander, die toevallige feit dat in `n geselskap `n bepaalde saak genoem is.

Vir `n Christen is daar, sterk gestel, geen toevalligheide nie. Christus wat aan sy dissipels gesê het: “Julle het my nie gekies nie, ek het julle gekies”, kan aan elke groep vriende sê: “Julle het nie mekaar gekies nie, ek het julle vir mekaar uitgesoek.”

Vriendskap is nie die beloning van ons skerpsinnigheid en goeie smaak in die vind van mekaar nie. Dit is die manier waarop God aan elkeen die skoonheid van die ander wys; deur vriendskap open God ons oë. Soos elke ander skoonheid, is dit van God afkomstig. In goeie vriendskap groei die skoonheid deur die vriendskap self. In Sy hand is dit dus`n instrument wat openbaar en skep.

*Bron: C. S. Lewis: ”The Four Loves”*
*Afrikaanse verwerking: Marie de Kock*

## Wegsending

Liefdegawes

Mededelings

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com
082 901 5877